# STEEK DIE GRENSE OOR MET DIE GOEIE NUUS

Johannes 4

1. DIE DISSIPELS SE MONDE HANG OOP!
*"Net toe het sy dissipels teruggekom en hulle was verbaas dat Hy met 'n vrou praat."* (:27) Wat was nou **so ongewoon** daaraan? Waarom was hulle verbaas? Sal dit vir enigeen van julle verbaas om my, of selfs die pous, met 'n vrou te sien praat?!
Maar ons lewe natuurlik in **ander tye** – en ons is nie Jode nie!
Destyds mag 'n **rabbi** volgens die Joodse tradisie nie eens met sy eie vrou, dogter of suster in die openbaar gepraat het nie, wat nog te sê 'n vreemde vrou! Daar was 'n Joodse gebed wat mans soms gebid het: *"Ek loof U, o God … dat U my nie 'n vrou gemaak het nie."*
Jesus steek hier 'n **tradisionele grens** oor deur met hierdie vrou te gesels. Hy stel homself sodoende bloot aan *kritiek en skinderpraatjies*. As die dissipels geweet het wie dit was met wie Jesus gesels het, sou hulle EERS verbaas gewees het, want sy was klaarblyklik 'n vrou met **'n reputasie**.
Dink net: Sy het al **VYF mans** gehad en leef saam met 'n SESDE een … G'n wonder sy kom **om 12-uur**, op die warmste tyd van die dag water haal nie, want dan hoef sy nie die ander vroue in die oë te kyk nie!

2. WAAROM DIE GRENS OORSTEEK?
Maar Jesus het toe **alreeds 'n ander grens oorgesteek**. Hy wou van Judea in die suide na Galilea in die noorde gaan. Daar was meer as net een roete wat Hy kon volg. Maar daar staan in vers 4 *"Hy moes deur Samaria gaan."* Nie "Hy HET" nie, Hy MOES. Hy MOES die grens na die Samaritane toe oorsteek – iets wat Jode nie sommer gedoen het nie. Hulle het liewer 'n wye draai om Samaria geloop as om die korter pad deur Samaria te neem. Samaria was vir die Jode 'n "no go" area!
Ken jy ook sulke paaie en plekke? Hier rondom en in Kaapstad is ook mos 'n paar sulke paaie en gebiede waar jy veral nie na donker wil rondhang nie.
Maar die rede waarom die Jode nie deur Samaria wou reis nie, het niks met gevaar te doen gehad nie. Hulle was bang, ja, maar bang dat kontak met die Samaritane hulle onrein sou maak.
Die **stryd tussen die Jode en die Samaritane** het reeds sewe eeue vantevore begin. Die **Assiriërs** het in daardie tyd die noordelike koninkryk van Israel met Samaria as hoofstad verower. 'n Klomp Assiriërs het toe daar kom bly. Die gevolg was 'n grootskaalse **ondertrouery** tussen die Jode en die heidense Assiriërs. Die gevolg was 'n **gemengde rassegroep** en **gemengde godsdiens** in daardie gebied.

Die Samaritane het ook nie dieselfde **Bybel** as die Jode gebruik nie. Hulle Bybel het net uit die eerste vyf boeke, die sg Pentateug of Vyf boeke van Moses, bestaan.
Die Jode van Juda in die suide het die Samaritane dus as 'n **onsuiwer groep** mense beskou en hulle gehaat omdat hulle, volgens die Jode, hulle volk en hulle godsdiens **verraai** het. Daarom het hulle hul sover moontlik **vermy.** Dit is die agtergrond van die woorde in vers 9: *"Die Jode en die Samaritane gaan immers nie met mekaar om nie"*.
Dalk is daar in jou lewe ook mense vir wie jy doelbewus vermy – omdat hulle *anders is* en dinge *anders doen*. Jy sal wye draaie om hulle loop; ander pad kyk, maak asof jy hulle nie sien nie. Dit kan 'n **grens** wees weens hoogmoed, vooroordeel of vyandigheid. Dalk kom dit ook van albei kante af soos in die Jode en Samaritane se geval.
Jesus is ook volgens hierdie grens **grootgemaak**. Daarom is dit so betekenisvol dat hier staan *"Hy MOES deur Samaria gaan."*
Hiermee gee Hy te kenne dat Hy **nie net vir die Jode** gekom het nie, maar ook vir die nie-Jode, in hierdie geval, die baster-Jode. In die vorige hoofstuk (3:16) het Hy trouens vir **Nikodemus** gesê dat God DIE WêRELD so liefgehad het dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.
**Hier wys** Hy deur sy ongewone optrede dat Hy dit nie net sê nie, maar **bedoel** en daarom ook uitlewe. Die Samaritane is immers deel van die wêreld!
**As ons dit wat in Joh 3:16 staan, bedoel**, sal ons eweneens bereid wees om grense oor te steek na mense wat ander dalk vermy, op neersien, vyandig mee is. Kan u dink wie hulle is?
Dalk het jy ook al die gevoel gehad dat jy na 'n sekere persoon toe MOET gaan; of 'n oproep MOET maak; of 'n e-pos MOET stuur na iemand toe. Dis dalk ongeleë en jy wil nie eintlik nie, jy is nie regtig lus nie, maar as jy dit dan doen, sal die persoon baie maal vir jou iets sê soos: *"Jy kom asof jy gestuur is!"* Na die tyd weet jy dit was 'n goddelike afspraak! Ek het dit al meermale ondervind en dit was van my mees bevredigende huisbesoeke. Paulus het getuig hoedat die liefde van Christus hom DRING.
Waar God ookal vir ons 'n afspraak reël, moet ons die grense oorsteek. Dit is 'n kwessie van gehoorsaamheid en vertroue. Hy gaan *vooruit*, Hy kom *saam* en kom *agterna*. Hy belowe dit in Matt 28:20.
Ons het **verlede Sondagmiddag** vir mekaar gevra: Die gemeente se getalle neem af, **maar wat doen jy en ek regtig om uit te reik na mense in die omgewing wat nie die Here ken nie**? Is daar grense waarvoor ons terugdeins?

3. ‘N OES WORD INGESAMEL

Kyk net watter **vrugbare besoek** was hierdie besoek van Jesus aan Samaria nie! Die vrou is so opgewonde dat sy skoon vergeet wat sy eintlik by die put kom maak het! Sy los haar kruik net daar en sit af dorp toe. Sy gaan lewer nie ‘n preek nie – sy **getuig** oor haar ervaring. Sy sê nie, sy vra: *“Is Hy nie miskien die Christus nie?”* Sy **trek hulle aandag** na Jesus toe. Sy maak hulle **nuuskierig** om meer van Hom te wete te kom. Miskien kon hulle al klaar ‘n **verandering** in haar lewe agterkom. Sy moes daardie dag ook ‘n **grens oorsteek** – die grens van **vrees** vir wat die mense gaan sê en dink. Gaan hulle my *uitlag*? *Verneder*? *Verwyt* omdat ek met ‘n Jood deurmekaar is? Van allerhande goed *beskuldig*? Vir my moeilike *vrae vra*? *Ignoreer* asof ek nie saak maak nie? Dis mos die soort grense waarvoor ons soms terugdeins, nie waar nie.

**Haar getuienis werp onmiddellik vrugte af**. Hulle gaan toe uit hul eie uit die dorp na Jesus toe.

Dit is duidelik: God het Jesus en die vrou **vooruitgegaan**. Hy het die mense voorberei. Die lande was inderdaad **ryp vir die oes**, soos Jesus vir sy dissipels gesê het. Iemand moes net die sekel insteek! *“Baie van die Samaritane in daardie dorp het tot geloof in Jesus gekom op grond van die woorde van die vrou wat getuig het…”* (:39)

Hulle het selfs by Hom daarop **aangedring om by hulle te bly**. Hy bly toe nog twee dae daar. Deur saam met hulle te *eet* en by hulle oor te *slaap* het Hy **nog verdere grense** en taboes oorgesteek.

Die **vrug** was: *“Nog baie meer van hulle het toe tot geloof in Hom gekom ogv wat Hy gesê het; en hulle het vir die vrou gesê: “Ons glo nie meer op grond van wat jy vertel het nie, want ons het self na Hom geluister, en ons weet dat Hy waarlik die Verlosser van die wêreld is.”* (:41-42)

- Daarom MOES Jesus deur Samaria gaan!
- Terwille van ons en die wêreld MOES Hy later selfs die **doodsgrens** oorsteek.
- Daarom MOET ons ook bereid wees om grense oor te steek – grense van godsdiens, geslag, politiek, ras, taal, ouderdom, stand, vooroordeel en vrees…
- Dit wat die **sendelinge** daar ver in Indië en Thailand bv doen, moet ons ook bereid wees om hier naby te doen: grense oorsteek met die Goeie Nuus van Joh 3:16:
- God het die WêRELD lief!

**Hy laat die oes ryp word - ons saai en oes net! IS dit wat ons doen?**
Amen.

STILTE: Wat het jy by God gehoor? Wat sou ‘n gepaste reaksie wees? 25/7/10